# Afrika-geskiedenis

W.A. EDGE en M.H. LEKORWE (reds.)
*Botswana Politics and Society*
J.L. van Schaik (Akademies), Pretoria, 1998.
pp. 508, illustrasies, indeks.
ISBN 0 627 02231 6
R139.50 (sagteband).

Goeie resente multidissiplinêre studies oor individuele Afrikastate is relatief skaars. Die Amerikaners het wel in die 60er en 70er jare sgn. "Country Studies" gedoen oor die koloniale gebiede in Afrika waarby hulle ekonomiese en/of militêre belang gehad het. Vir hulle tyd was die werke uiters nuttig, maar sedert die jare van onafhanklikheid het daar ingrypende veranderinge in Afrika plaasgevind. Ook oor

Botswana is daar 'n skaarste aan goeie resente studies wat na die breë samelewing vanuit 'n historiese, ekonomies, sosiale en politieke perspektief kyk. Die werk van Q.N. Parsons, W. Henderson en T. Tlou: *Seretse Khama 1921-1980* (1995 gepubliseer) is goed maar die fokus is, soos die titel aandui, relatief eng. Om die rede is die verskyning van die werk van Edge en Lekorwe verlede jaar 'n belangrike gebeurtenis.

*Botswana: Politics and Society* is deur 26 medewerkers geskryf waarvan die meeste tans verbonde is aan die Universiteit van Botswana of aan die inrigting verbonde was. Almal is kenners van die terrein waaroor hulle geskryf het en die meeste medewerkers is steeds aktiewe akademici. Dit sluit in politieke wetenskaplikes, ekonome, historici, kenners van publieke administrasie, bevolkingstudies en stedelike studies, sosioloë, besigheidstudies, regte en filosofie. Daar is een joernalis in hulle geledere.

Die redakteurs spel die doel van die werk duidelik uit. Die boek wil eerstens die vernaamste faktore wat die samelewing in Botswana oor baie jare gevorm het, ontleed om tot 'n beter begrip te kom van die huidige situasie in die staat. Die doel is ook om die kontemporêre periode te ontleed en aandag te gee aan die politieke, ekonomiese en sosiale kragte wat die staat so goed laat funksioneer en dan word gekyk na die potensiaal vir ontwikkeling en verandering in Botswana in die toekoms. Die outeurs strewe na groter diepte in hulle kennis en begrip van die samelewing in sy geheel.

Om in die doel te slaag is die werk in agt dele verdeel. Die eerste twee kan as die historiese begronding van die studie gesien word wat handel oor die prekoloniale en koloniale tyd - altesaam byna een derde van die boek. Temas soos die tradisionele Afrika-samelewings en state, die impak van sendelinge, samewerking met en verset teen die koloniale heersers, nasionalisme en onafhanklikheid word behandel. Sommige temas soos die rol van die *kgosi* en die aard van die Batswana-state (P.T. Mgadla en T. Tlou) is goed behandel; andere soos veral A.J. Dachs se studie oor die sendelinge en imperialisme is horingoud (dit is in 1972 reeds as artikel gepubliseer) en is ryp vir grondige hersiening. Ook die hoofstukke oor die stryd om onafhanklikheid en die ontstaan van politieke partye (hfste 7 en 8) is redelik oppervlakkig, baie beskrywend en nie baie goed in die konteks van die vroeëre gebeure geplaas nie. Wat hier kennelik nodig was, was die sterk hand van 'n redakteur om die breëre saambindende temas/faktore wat die samelewing gevorm en stukrag gegee het, beter saam te trek.

Deel drie (6 hoofstukke) handel oor die meer resente grondwetlike en politieke aspekte van die Botswana-staat. Temas soos grondwetlike ontwikkeling, sentrale en plaaslike bestuurstelsels, die rol en posisie van die tradisionele kapteins; die president, sy magte en funksies word behandel. Die meeste van die hoofstukke is bondig, baie beskrywend en hoewel heelwat inligting deurgegee word, is daar maar min sprake van teoretiese beskouings en ontleding. Min nuwe inligting en/of interpretasie is hier te vinde.

In dele vier en vyf val die klem op aspekte van ekonomiese en sosiale ontwikkeling in Botswana sedert die staat se onafhanklikwording. Uiters belangrike temas soos grondbesit, die herverdeling van grond en die impak wat dit op plattelandse gemeenskappe gehad het, word bondig maar kundig ontleed. W.A. Edge se hoofstuk oor die koöperatiewe beweging in Botswana, wat eers 'n suksesverhaal was en toe in duie gestort het, is van besondere gehalte. Die dinamika van die plattelandse ekonomiese lewe; die problematiek van toegang tot ekonomiese bronne (staatsgeld veral) en die spanning tussen plaaslike entrepreneurs en groot kapitaal word goed belig. Ook die hoofstukke wat oor verstedeliking, bevolkingsgroei, die uiters belangrike rol van die diamantmynbedryf en die staat se rol in die skepping van nuwe ekonomiese moontlikhede is van 'n hoë gehalte. Dele vier en vyf dring deur tot kern van die problematiek van hierdie "ontwikkelende" Afrikastaat en dra beslis die stempel van goeie akademiese werk.

Die rol en posisie van die burgerlike bevolking van Botswana in die politieke lewe van die staat word in afdeling ses behandel. Aangeleenthede soos die ontwikkeling van menseregte en die konsep van die oppergesag van die reg, verkiesings, demokrasie, faksionalisme asook die posisie van vrouens en die rol van die pers word bekyk. In vyf hoofstukke word die politieke dinamika in hierdie eenparty-dominante staat goed ontleed. Die leser kry 'n duidelike beeld van waarom daar nou reeds jare lank orde en stabiliteit in Botswana bestaan nieteenstaande die wisselwerking van uiteenlopende politieke kragte.

In die voorlaaste afdeling word die belangrike tema van Botswana se streeks-en internasionale betrekkinge behandel. Ook hier is die ontleding van beleid en praktiese politiek goed. Daar word aangetoon hoedat Botswana die strategiese belang van 'n gebalansseerde buitelandse beleid besef het en d.m.v. hul beleid 'n verskeidenheid van uiteenlopende verhoudings opgebou het tot politieke en ekonomiese voordeel van die staat.

Oor die algemeen slaag die boek met sovele uiteenlopende hoofstukke redelik goed in sy doel. Soos in die geval van die meeste derglike werke is sekere dele en hoofstukke beter geskryf as ander. Daar is ongelukkig 'n gebrek aan deurlopende saambindende temas en vertolkings wat aan die werk 'n sterker eenheidsbeeld kon gegee het. Hier kon die redakteurs 'n meer prominente rol gespeel het. Die slotafdeling probeer wel om dit te doen maar dit slaag nie heeltemal nie. Daar is ook groot gapings in die boek: temas soos armoede en gesondheid word skaars aangeraak en die rol van Europeërs in die opbou van die ekonomie word afgeskeep. As 'n lees- en teksboek vir studente (waarvoor dit heelwaarskynlik bedoel is) sal die werk besonder nuttig wees. Vir die navorser wat belangstel in Botswana en suidelike Afrika sal die werk ook goeie materiaal en bronneverwysings bied.

Henning van Aswegen
*Departement Geskiedenis*
RAU